Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Hooggeregshof Hersieningsnr: 106/04

Landdros Saaknr: RC18/2004

Datum gelewer: 2004-03-18

In die hersieningsaak van:

**DIE STAAT**

*versus*

**THABO PIET RAADT** **BESKULDIGDE**

Coram: MAJIEDT R *et* Olivier R

# UITSPRAAK OP SPESIALE HERSIENING

**MAJIEDT R:**

1. Die beskuldigde is in die landdroshof skuldig bevind aan diefstal met inagneming van die bepalings van Wet 57 van 1959 (die Wet op Veediefstal, hierna verder verwys as '*die Wet*').

2. Nadat die beskuldigde se vorige veroordelings bewys is, het die landdros die aangeleentheid oorgeplaas na die streekhof vir vonnis ingevolge die bepalings vervat in art 116(1) van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977. Die streeklanddros was egter die mening toegedaan dat die verrigtinge in die distrikshof nie ooreenkomstig die reg geskied het nie en het gevolglik die aangeleentheid na hierdie Hof verwys op spesiale hersiening ingevolge die bepalings vervat in art 116(3)(a) van die Strafproseswet.

3. Op my versoek het advokaat JM de Nysschen, senior staatsadvokaat in die kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings, 'n uiters behulpsame en

weloorwoë regsmening aangaande die korrektheid van die skuldigbevinding hierin opgestel waarvoor ek aan hom dank verskuldig is.

4. Kragtens die klagstaat is dit die beskuldigde ten laste gelÍ dat hy op 26 Maart 2003 te of naby Ikele, in die distrik van Barkly-Wes, wederregtelik en opsetlik een skaap gesteel het. Die klagstaat het verder vermeld dat dit onbekend is aan die Staat wie die eienaar van dié betrokke skaap is, of in wie se regmatige besit dié skaap verkeer het.

5. Die volgende feite is óf gemeensaak of is bewese op die stukke voor my:

5.1 Sekere lede van die SAPD het op 30 Maart 2003 sekere inligting ontvang op sterkte waarvan hulle na die woning van ene Richard Jonkers gegaan het.

5.2 Die voormelde lede van die SAPD het in Richard

Jonkers se besit, en meer bepaald in sy vrieskas, 'n hoeveelheid vleis wat geblyk het skaapvleis te wees, gevind.

5.3 Die gemelde Richard Jonkers het aan die lede van die SAPD 'n verduideliking aangaande die besit van hierdie vleis verskaf en op grond van hierdie inligting is die beskuldigde gearresteer.

5.4 Daar is geen oorspronklike eienaar van die vleis geÔdentifiseer nie en niemand het ook 'n klagte gelÍ dat daar van sy/haar vee, meer bepaald 'n skaap, vermis is nie.

6. Die volgende is wesenlike elemente van die misdryf diefstal wat deur die Staat bo redelike twyfel bewys moet word, alvorens so 'n skuldigbevinding uitgebring kan word:

a) 'n **toe-eieningshandeling**;

b) ten aansien van 'n **bepaalde soort saak**;

c) wat **wederregtelik** en

d) **opsetlik** met 'n **toe-eieningsopset** geskied.

7. Ek bespreek vervolgens aan die hand van die getuienis op die oorkonde die vraag of die Staat dié bepaalde wesenlike elemente bo redelike twyfel bewys het.

8.1 Die Staat het geen direkte getuienis gelei ter bewys van enige toe-eieningshandeling nie. Die Staat het eerder, so wil dit my voorkom, gesteun op omstandigheidsgetuienis waardeur gepoog is om die hof *a quo* bo redelike twyfel te oortuig dat:

a) Die enigste redelike afleiding op die bewese feite is dat die beskuldigde die vleis of die skaap waarvandaan dit afkomstig was, gesteel het; en

b) Dat sodanige afleiding versoenbaar is met al die bewese

feite (sien in dié verband **R v Blom 1939 AD 188** te 202-203.)

8.2 'n Afleiding kan slegs gemaak word indien daar objektiewe bewese feite daarvoor bestaan. Sien ondermeer: **Caswell v Powell Duffryn Associated Collieries Ltd 1940 AC 152** te 169, 1939 3 All ER 722 te 733 per Lord Wright.

> "Inference must be carefully distinguished from conjecture or speculation. **There can be no inference unless there are objective facts** from which to infer the other facts which it is sought to establish ..... **But if there are no positive proved facts from which the inference can be made, the method of inference fails and what is left in mere speculation or conjecture**".

(Die beklemtoning is myne).

Sien ook: **S v Naik** 1969(2) SA 231 (N) te 234.

8.3 Daar was geen getuienis dat die beskuldigde voor lewering aan Jonkers in besit was van die vleis nie. Die Staat kon derhalwe glad nie steun op die sogenaamde leerstuk van onlangse besit nie. Dit verduidelik dan ook

waarom nóg die Staat nóg die verhoorlanddros na hierdie voormelde leerstuk verwys het tydens betoog en tydens evaluering van die bewysmateriaal nie. Die rede daarvoor lyk vir my voor-die-handliggend, naamlik dat die Staat in die eerste plek nie daarin kon slaag om aan te toon dat die vleis inderdaad gesteel was nie.

8.4 'n Verdere moontlikheid wat oorweging verg is of die Staat daarop kon steun dat hierdie 'n geval is waar 'n persoon (d.w.s. die beskuldigde) die eiendom van 'n ander aan hom toeëien waar hy dit in 'n plek per toeval vind. Sien in dié verband: **S v Luther** 1962(3) SA 506 (A). Ek is dit eens met die regsmening van advokaat De Nysschen dat vleis opsigself nie besonder waardevol is nie en dat dit *res fungibilis* is. Dit is 'n tipe saak wat baie moeilik, indien hoegenaamd, teruggevoer kan word tot 'n bepaalde eienaar. Dit is ook die tipe van saak wat baie vinnig van hande kan verwissel. Dit is gevolglik na my mening glad nie die tipe aangeleentheid waar die Staat so 'n argument suksesvol sou kon voer nie.

8.5 Die groot probleem en myns insiens onoorkomelike struikelblok wat die Staat hierin het, is dat die Staat nie

kon vasstel en bewys wie die vleis se wettige eienaar is nie.

9. Aangesien daar geen toe-eieningshandeling bewys is nie, het die Staat inderdaad nie daarin geslaag om oor die eerste belangrike hekkie insoverre dit die wesenlike elemente van die misdryf van diefstal aanbetref, te kom nie. Die ondersoek na die korrektheid van die skuldigbevinding eindig dus daar. Wat verdere oorweging verg is die feit dat die streeklanddros, toe die verrigtinge ingevolge art 116 van die Strafproseswet se bepalings voor haar gekom het, die moontlikheid geopper het dat die beskuldigde moontlik skuldig bevind kan word aan een van die bevoegde misdrywe in terme van art 11(1) van die Wet. Soos adv. De Nysschen oortuigend aantoon in sy regsmening, is nie een van die misdrywe vermeld in art 11(1) van die Wet bewys nie:

a) Diefstal of poging daartoe is nie bewys nie (sien art 11(1)(a) van die Wet);

b) Daar is hoegenaamd geen getuienis aangebied dat die beskuldigde die vleis ontvang het **wetende** dat dit gesteel is nie (sien art 11(1)(b) van die Wet se

bepalings);

c) Artikel 11(1)(c) van die Wet vind glad nie toepassing in hierdie saak nie;

d) Daar is ook geen getuienis dat die beskuldigde die vleis van die hand gesit het **wetende** dat dit gesteel is nie (sien art 11(1)(d) van die Wet se bepalings);

e) Art 11(1)(e) van die Wet verwys na die bepalings van onderskeidelik art 2 en 3 van die Wet.

(i) Artikel 2 van die Wet is gelykluidend met art 36 van die Algemene Regswysigingswet, 62 van 1955. Een van die kernelemente van die misdaad van besit van vermoedelik gesteelde eiendom is inderdaad die element van besit, d.w.s. dat die beskuldigde in besit gevind moet word van goedere ten aansien waarvan daar 'n redelike vermoede bestaan dat dit gesteel is. Sien **S v Mokoena** 1957(1) SA 398 (T). In hierdie saak is daar geen getuienis dat die beskuldigde in sodanige besit gevind is nie.

(ii) Artikel 3 van die Wet is op sy beurt gelykluidend met art 37 van die voormelde Algemene Regswysigingswet, 62 van 1955, se bepalings. Soos alreeds hierbo vermeld is daar glad nie getuienis om ‘n skuldigbevinding aan sodanige klagte daar te stel nie.

10. Voorts vereenselwig ek my met adv. De Nysschen se kritiek teen die gehalte van die Staat se saak wat voor die verhoorhof geplaas is. Die polisiegetuies was uiters vaag en het onvolledige getuienis voorgehou, wat insluit hoorsÍ getuienis. Die Staatsaanklaer het ook ontoelaatbare leidende vrae aan een van die polisiegetuies, inspekteur Hawkins, gestel. Dit verbaas verder dat die getuie Richard Jonkers, na wie ek alreeds verwys het en van wie inligting bekom is aangaande die vleis in sy vrieskas, nooit geroep is as ‘n getuie, moontlik ingevolge die bepalings vervat in art 204 van die Strafproseswet nie. Daar is ook etlike weersprekings tussen Jonkers en die polisiegetuies sowel as tussen Jonkers en sy eggenote,

Veronica Jonkers.

11. Na my mening kan daar nie gesÍ word dat die beskuldigde se verduideliking soos voorgehou in sy getuienis nie redelik moontlik waar is nie. Daarby is die gehalte van die Staat se saak só swak dat nóg die elemente van die hoofaanklag diefstal, nóg die elemente van die bevoegde uitsprake daarop bo redelike twyfel bewys is deur die Staat nie.

12. **Die beskuldigde se skuldigbevinding word tersyde gestel.**

____________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

____________

**CJ OLIVIER**

**REGTER**

------------------------------------------------------------

UITSPRAAK OP HERSIENING : S v TB Raadt

Saak nr. : 106/04